The Court (*per* Goldstone JA; Smalberger JA and Nicholas AJA concurring) was of the opinion that it was not necessary for the purposes of the instant appeal to decide whether a 'standard scheme' such as the one under consideration embodied a compromise or arrangement between the company and its creditors. This was so because the scheme contained a clause which made provision for the setting aside of an agreement concluded between the provisional liquidators of the appellant and another company in terms of which certain assets of appellant were sold to the other company, which clause doubtless required the consent of the appellant and involved it as a necessary and active party to the arrangement. (At 294C/D-E/F.) The Court further noted that s 311 schemes were very useful in the business world and that the Courts should not give a too narrow construction to their provisions. Although a scheme in terms of which the company played a merely passive role did not amount to 'an arrangement proposed between a company and its creditors', it was not necessary

that the company's active role be a substantial one. Accordingly, the first defence had to fail. (At 294E/F-F/G and G/H.)

The second defence

In its discussion of this defence the Court (*per* Van Heerden JA; Smalberger JA, Goldstone JA, Van den Heever JA and Nicholas AJA concurring) limited itself to claims for known or assessed (as opposed to unassessed or unknown) tax liability. (At 284C.) The Court conceded that it was not as a rule competent for a tax collector to waive, settle or cede a claim for taxes, but referred to the decision in *City of Cape Town v Claremont Union College* 1934 AD 414 at 452 where it was held that in the event of a thorny dispute a receiver of revenue was entitled to conclude a binding settlement for an amount less than that of his claim. The logical basis for this exception was the rule that the State should not be prejudiced by a renunciation of its claims. There was accordingly no reason why a tax collector such as the respondent could not, in order to prevent harm to the *fiscus*, waive part of his claim where it was certain that he would not otherwise be able to recover the remaining portion thereof. The respondent was accordingly entitled at common law to agree to a s 311 arrangement provided that he did not stand to receive less in terms thereof than he would have received in the event of a final liquidation. (At 284D and 284E/F-285C.) The Court further pointed out that the position at common law had been consolidated by ss 31 and 32 of the Exchequer Act 66 of 1975, which created a mechanism which enabled a State structure - or official - to write off the whole or any portion of a tax claim. Accordingly, if an arrangement in terms of s 311(1) of the

1994 (2) SA p272

Companies Act contained an offer in respect of such a claim, such offer could be accepted provided that the requirements of s 31 of the Exchequer Act were complied with. (At 286A/B and C/D-D/E.) Regarding the cession of a tax claim, the Court pointed out that, although an official such as the respondent could as a rule not cede such a claim, the situation was different where the provision that cession must take place formed an integral part of an arrangement to which such an official was entitled to agree, provided the debtor was not affected by the cession. In the case of a cession in terms of s 311 of the Companies Act, the position was precisely that it could make no difference to the company whether the amount in question was owed to the receiver of revenue or to the offeror, so that the receiver was bound by the cession (or deemed cession) of his claim. However, all that was passed on to the offeror was the right to recover the said sum, and he was not entitled *qua* the new creditor to any of the statutory powers vesting in the respondent (such as the right of access to a company's relevant secret documents). (At 287E/F-G and H-I.) The Court accordingly concluded that, insofar as the second defence was based on the premise that a collector of taxes such as the respondent could not under any circumstances be bound by a s 311 arrangement, it could not succeed. (At 288E.)

The third defence

The Court (*per* Van Heerden JA; Smalberger JA, Goldstone JA, Van den Heever JA and Nicholas AJA concurring) was of the view that, although the term 'creditor' was broad enough to embrace contingent creditors and creditors with illiquid claims, such a broad construction of the word in s 311(2) of the Companies Act could lead to difficulties. The only sensible solution was to treat every contingent creditor as a separate 'class' of creditor. This would mean that s 311(2) applied to contingent creditors, but that every such creditor would have to agree to the arrangement at a separate 'meeting' of creditors. (At 289B-C/D read with 288H/I.) The Court pointed out, however, that the respondent was not in fact a contingent creditor. This was because tax claims came into existence before the relevant assessments were issued (although the issue of an assessment was a prerequisite for the enforceability of the claim). In other words, a tax claim was not subject to a condition which, if fulfilled, would result in the debt not arising, or else expiring. The respondent was accordingly not, with regard to an unassessed tax claim, a contingent creditor falling into a different 'class' from the general class of preferent creditors. (At 289E-G.) The Court pointed out, however, that there were special considerations that applied to the respondent as creditor of an unknown tax claim: s 31(2) of the Exchequer Act, which contained the only pertinent statutory provisions in terms of which the whole or part of

a tax claim could be waived, stipulated that the Treasury or the person delegated by it had to be satisfied that the sum in question was either wholly or partially irrecoverable or that it would be to the advantage of the State to effect a settlement of the claim. As far as an arrangement in terms of s 311 of the Companies Act was concerned, such satisfaction could exist in respect of a known tax claim, but where it was not known whether there was any further tax liability, it would seldom be possible to conclude either that the waiver of such a possibly existing but unknown claim would be to the advantage of the State, or that the unknown sum to which the waiver related was irrecoverable. Accordingly the sanction of an arrangement could not bind the respondent in such cases, even where the arrangement provided that the respondent would fall into a separate 'class' of creditor. In the instant case there had never been any question of an unknown tax liability. Until the Government Mining Engineer had placed a value upon the development assets, the appellant had not been entitled to a deduction: he had been required to pay a certain amount - without the allowance of the relevant deduction - in taxes. The fact that that indebtedness might have decreased in the future did not detract from the fact that the extent of the appellant's tax liability was known at all relevant times. In terms of the instant arrangement the respondent, as preferent creditor, stood to be paid out in full: if he had proved a claim he would not have received less, and probably more, than he would have obtained in the event of a final liquidation. (At 289G/H and 290H-291A/B, 291B/C-C and 292H/I-293B.) Accordingly the third defence (considered in part with the second defence) had to fail as well.

1994 (2) SA p273

The fourth defence

The Court (*per* Van Heerden JA; Smalberger JA, Goldstone JA, Van den Heever JA and Nicholas AJA concurring) held that this defence, which was based on the premise that the respondent's cause of action had arisen at the earliest upon the Government Mining Engineer's determination of the effective value of the development assets (ie long after the registration of the scheme), had little merit: as was demonstrated above, the respondent had at all relevant times had a claim for more taxes than it had levied in the additional assessment. (At 293C-D/E.)

The appeal was accordingly upheld with costs, and the order in the Cape Provincial Division in *Namex (Pty) Ltd v Commissioner for Inland Revenue* 1992 (2) SA 761 (C) substituted with an order declaring void the respondent's assessment for the appellant's 1982 tax year. c

Case Information

Appel teen 'n beslissing in die Kaapse Provinsiale Afdeling (Selikowitz R), gerapporteer te 1992 (2) SA 761. Die feite blyk uit die uitspraak van Van Heerden AR.

o *S A Cilliers SC* (bygestaan deur *A P Blignault SC*) namens die appellant het na die volgende gesag verwys. *Serein Investments (Pty) Ltd v Myb (Pty) Ltd* 1967 (4) SA 437 (K) op 438H-439B; *Cohen NO v Nel* 1975 (3) SA 963 (W) op 967F-969F; *Metal Box Co of South Africa Ltd v A G Dunstan (Pty) Ltd* 1974 (2) SA 208 (T) op 213A-H; *Morris NO v Airomatic (Pty) Ltd t/a Barlows Airconditioning Co* 1990 (4) SA 376 (A) op 396F-397F, 398E-G; *Chief e Commissioner of Pay-roll Tax v Group Four Industries (Pty) Ltd* 8 ACLR (1983-4) 973; *Barclays National Bank Ltd v H J de Vos Boerdery Ondernemings (Edms) Bpk* 1980 (4) SA 475 (A) op 480F-H, 481B-C, 481F-G, 482A-E, 484A-C; *Ex parte Strydom NO: In re Central Plumbing Works (Natal) (Pty) Ltd* 1988 (1) SA 616 (D) op 620C-E; *Ex parte Millman and Others NNO: e In re Multi-Bou (Pty) Ltd* 1987 (4) SA 405 (K); *Kleena Industries (Pty) Ltd v Senator Insurance Co Ltd* 1982 (2) SA 458 (W) op 463G-H; *Ex parte Ensor NO: In re Cape Natal Litho (Pty) Ltd* 1978 (3) SA 908 (D) op 911A-D; *Illic v Parginos* 1985 (1) SA 795 (A) op 803G-804A; *Inland Revenue Commissioners v National Federation of Self-Employed and Small Business Ltd* [1981] 2 All ER 93 op 101; *S v Rosenthal* 1980 (1) SA 65 (A) op 75G-76A; *Bond e Corporation Holdings Ltd v Western Australia* vol 7 (1991-2) Australian Corporations and Securities Reports 472 op 475-7; *Ex parte Currie NO* 1966 (4) SA 546 (D) op 549H-550C, 550G-E, 554C-D; *Midland Coal Coke and Iron Co* [1895] 1 Ch 267 op 277; *Glendale Land Development Ltd (in Liquidation)* 7 ACLR (1982-83) 171 op 175; *Re International*

Harvester Credit Corporation n (Australia) Ltd 7 ACLR (1982-83) 415 op 416; *Re Huon Valley Springs (Pty) Ltd* 10 ACLR (1985-86) 883 op 891; *Re Asia Oil & Minerals Ltd* 10 ACLR (1985-86) 333; *Re BDC Investments Ltd* 13 ACLR (1987-88) 201 op 203; *Friedman v Bond Clothing Manufacturers (Pty) Ltd* 1965 (1) SA 673 (T) op 677F-H; *Ex parte Goldreich*; *In re Goldleiff Stores (Pty) Ltd and Lane-Bryant (Pty) Ltd* 1956 (2) PH E19 (D); *CCH Company Law and Practice* 1 para 43-500; *Strydom v Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika* 1972 (1) SA 801 (A) op 812G-H; *S v Naidoo* 1985 (1) SA 36 (N) op 43B-C; *Commissioner for Inland Revenue v Janke* 1930 AD 474 op 481; *Reed v Warren* 1955 (2) SA 370 (N) op 372E-H; *Secretary for Finance v Esselmann* 1988 (1) SA 594 (SWA); *Commissioner for Inland Revenue v Bowman* NO 1990 (3) SA 311 (A) op 314F-G.

1994 (2) SA p274

W G Burger SC (bygestaan deur S A Jordaan) het na die volgende gesag verwys: *Ex parte Kaplan and Others NNO: In re Robin Consolidated Industries Ltd* 1987 (3) SA 413 (W) op 425J-426A; *Ex parte Millman and Others NNO: In re Multi-Bou (Pty) Ltd and Others* 1987 (4) SA 405 (K); *Ex parte Strydom NO: In re Central Plumbing Works (Natal) (Pty) Ltd* 1988 (1) SA 616 (D) op 619C-D, 620B-C, 621A-C, 621G-H; *Barclays National Bank v De Vos Boerdery Ondernemings (Edms) Bpk* 1980 (4) SA 475 (A); *Administrateur-generaal vir die Gebied Suidwes-Afrika v Hotel Onduri (Edms) Bpk en Andere* 1983 (4) SA 794 (SWA) op 802A-C; *SA Sentrale Koöp Graanmaatskappy v Shifren and Others* 1964 (1) SA 162 (O) op 164; *Trade c Fairs and Promotions (Pty) Ltd v Thomson and Another* 1984 (4) SA 177 (W) op 183B-F; *Serein Investments v Myb (Pty) Ltd* 1967 (4) SA 437 (K); *Ex parte Ensor NO: In re Cape Natal Litho (Pty) Ltd* 1978 (3) SA 908 (D) op 911; *Ex parte De Wet NO: In re Mackville Motors (Pty) Ltd (in Liquidation)* 1971 (1) SA 256 (W) op 258; *Cohen NO v Nel and Another* 1975 (3) SA 963 (W) op 968; *Morris NO v Aromatic (Pty) Ltd t/a Barlows Airconditioning Co* 1990 (4) SA 376 (A) op 396; *Commissioner for Inland Revenue v Delfos* 1933 AD 242 op 248; *Collector of Customs v Cape Central Railways* 6 SC 402 op 406; *Commissioner for Inland Revenue v The Master and Another* 1957 (3) SA 693 (K); *Kommissaris van Binnelandse Inkomste v Boedel Du Toit* 1985 (4) SA 594 (NK) op 605; *Vanroux Motors v Kommissaris van Doeane en Aksyns* 1959 (1) SA 605 (T) op 609; *Diedericks v Minister of Lands* 1964 (1) SA 49 (N) op 58; *Merclan Investments (Pty) Ltd v Johannesburg City Council* 1990 (1) SA 560 (W) op 573; *Burghersdorp Municipality v Coney* 1936 CPD 305 op 307; *Ritch & Bhayat v Union Government (Minister of Justice)* 1912 AD 719 op 735; *SA Board of Executors and Trust Co Ltd (in Liquidation) v Gluckman* 1967 (1) SA 534 (A) op 541; *Gunn and Another NNO v Victory Upholsterers (Pty) Ltd* 1976 (1) SA 127 (D) op 135; *Ilic v Parginos* 1985 (1) SA 795 (A); *Mostert v Mostert* 1913 TPD 225 op 259; *Benson and Another v Walters and Others* 1981 (4) SA 42 (K) op 49; *The Master v IL Back & Co Ltd* 1983 (1) SA 986 (A) op 1005; *Hamilton Plase (Edms) Bpk v Stadler* 1977 (3) SA 361 (NK); *King's Transport v Viljoen* 1954 (1) SA 133 (K) op 135; *Big Rock (Pty) Ltd g v Hoffman* 1983 (1) SA 534 (T) op 539.

Cur adv vult.

Postea (November 26.) n

Judgment

Van Heerden AR: In Mei 1983 het die appellant 'n opgawe van inkomste vir sy 1982 belastingjaar ingedien. Daarin is aanspraak gemaak op 'n aftrekking van meer as R6 miljoen. Dié aanspraak was gebaseer op die bepalings van art 15(a), saamgelees met arts 36 en 37, van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962. Die appellant het naamlik gedurende die 1 betrokke belastingjaar koopkontrakte met drie maatskappye aangegaan en daarvolgens myneiendomme, insluitende ontwikkelingsbates, binne die raamwerk van art 37(1) verkry. Gevolglik was die appellant geregtig op 'n belastingaftrekking gelykstaande aan die effektiewe waarde van sodanige bates. Soos art 37(4) toe gelui het, moes bedoelde waarde deur die 2 Staatsmyningingenleer bepaal word. Ten tye van die indiening van die opgaaf

1994 (2) SA p275

VAN HEERDEN AR

A was so 'n bepaling nog nie gemaak nie en voornoemde bedrag van meer as R6 miljoen was die totaal van die bedrae wat in die koopkontrakte as die waardes van die ontwikkelingsbates beraam was.

In Junie 1983 het die respondent die appellant ten opsigte van sy 1982 belastingjaar aangeslaan. Dit was 'n negatiewe aanslag in die sin dat 'n verlies bepaal is. Hierdie verlies is bereken op die grondslag dat die appellant op die genoemde aftrekking geregtig was. Die volgende nota het egter op die aanslag verskyn:

'This assessment is subject to revision, if necessary, once the Government Mining Engineer's determination of the effective value of the various assets acquired, is received.'

Op 11 September 1984 is die appellant in voorlopige likwidasië geplaas. Hierna het die Trans Hex Groep Bpk 'n aanbod gemaak. Hierdie aanbod was bestem om ingevolge art 311 van die Maatskappywet 61 van 1973 behandel en oorweeg te word. Nadat blykbaar aan die prosessuele bepalings van die o-artikel voldoen is, is die 'aanvaarde' aanbod ('die onderhawige skema') in Maart 1985 kragtens 'n bevel van die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling goedgekeur en daarna geregistreer. Ingevolge 'n bepaling van daardie skema is die voorlopige likwidasiëbevel ook deur die Hof opgehef.

Die onderhawige skema het o-a voorsiening gemaak vir indiening van eise van e die appellant se skuldeisers by sogenaamde ontvangers. Hoewel die respondent kennis gekry het van die bepalings van die skema, van vergaderings van skuldeisers en van die goedkeuring van die skema, het die respondent nie 'n vergadering van skuldeisers bygewoon of 'n eis by die ontvangers ingedien nie.

f In Maart 1986, dws na ontheffing van die appellant uit voorlopige likwidasië, het die Staatsmyningenieur ingevolge art 37(4) van die Inkomstebelastingwet die effektiewe waarde van bogenoemde ontwikkelingsbates op slegs sowat R3,5 miljoen bepaal. Daarna het die respondent 'n aanvullende aanslag vir die appellant se 1982 belastingjaar uitgereik. In effek is bedoelde bedrag toe gesubstitueer vir die som van g meer as R6 miljoen wat in die oorspronklike aanslag as aftrekking toegelaat is. Dit het meegebring dat die respondent ten opsigte van die betrokke jaar met R756 587,26 belas is.

In 1987 het die appellant in die Kaapse Provinsiale Afdeling 'n geding teen die respondent aanhangig gemaak. Dit was gerig op die verkryging van h 'n bevel waarvolgens verklaar sou word dat vanweë die goedkeuring van die onderhawige skema die appellant nie verplig was om die addisionele heffing te betaal nie. In die respondent se verweerskrif is 'n aantal verwerre, waaroor hieronder meer, opgewerp en daarna het die partye 'n relaas van sogenaamde ooreengekome felte ingedien. Nadat onder andere bostaande i verloop van sake uiteengesit is, het die relaas soos volg voortgegaan:

'16. Daar was in die hande van die ontvangers vermeld in die goedgekeurde skema voldoende fondse om die belasting van R756 587,26 . . . Ingevolge die bepalings van klousule 4.9 van die skema te betaal indien die verweerder (die respondent) 'n eis ingevolge die skema bewys het.

17. Die verweerder en die amptenare wat die bepalings van die Wet op Inkomstebelasting onder sy beheer, leiding en toelig uitvoer, j ressorteer as 'n

1994 (2) SA p276

VAN HEERDEN AR

A aparte afdeling onder die Departement van Finansies soos geïllustreer in die dokument hierby aangeheg gemerk "X".

18. 18.1 Gedurende die tydperk vanaf en insluitend 1983 tot die huidige is verskeie eise vir Inkomstebelasting deur verweerder ingedien by die betrokke "ontvangers" ingevolge die bepalings van skikkings en/of reëlins wat kragtens die bepalings van art 311 b van die Maatskappywet goedgekeur is.

18.2 In elk van die tien voorbeelde van sulke gevalle hieronder gemeld,

- (a) was die betrokke maatskappy in voorlopige of finale likwidasie;
- (b) het die verweerder 'n eis vir Inkomstebelasting as preferente skuldeiser ingedien;
- c (c) het die skikking en/of reëling onder meer bepalings bevat dat die eise van skuldeisers sedeer word of geag sedeer te word aan 'n aanbieder en dat die skuldeisers in ruil daarvoor betaling van die geheel of 'n gedeelte van hul eise van die betrokke "ontvanger" sou ontvang;
- (d) is daar in elke geval 'n bedrag deur die "ontvanger" aan die verweerder in sy verdelingsrekening toegeken en betaal wat meer was as die bedrag wat die verweerder waarskynlik ten opsigte van sodanige eis in likwidasie van die maatskappy sou verhaal het, maar wat minder was as die sigwaarde van die eis. . . . (Dan volg die name van tien maatskappye.)

18.3 In talle ander soortgelyke gevalle het verweerder soortgelyke eise ingedien en is verweerder ten volle deur die betrokke "ontvanger" betaal.

18.4 Al die gemelde eise is ingedien en hanteer deur amptenare in verweerder se gemelde afdeling wat gehandel het ingevolge staande instruksies deur verweerder aan hulle uitgereik ingevolge art 40 van die Skatkis- en Ouditwet 66 van 1975. 'n Afskrif van die instruksies word hierby aangeheg, gemerk "Y1", "Y2" en "Y3".

18.5 Daar is nie gedurende die gemelde tydperk soortgelyke eise namens verweerder by "ontvangers" ingedien of hanteer deur enige ander amptenare (dit is deur amptenare van 'n ander afdeling as dié van verweerder) in die Departement van Finansies nie.

¶ Dit is duidelik dat die partye dit eens was dat indien die goedkeuring van die skema buite rekening gelaat word, die respondent tereg addisionele belasting van R756 587,26 vir die appellant se 1982 belastingjaar hef het. Die relaas het dan ook afgesluit deur te vermeld dat die appellant slegs op die effek van die goedgekeurde (en gereglstreepte) skema gesteun het vir sy aanspraak dat dit nie verplig was om daardie bedrag te betaal nie.

¶ Die dokument waarna in para 17 van die relaas verwys is, toon slegs aan dat die respondent as't ware hoof van 'n sub-departement van die Departement van Finansies is, terwyl die instruksies vermeld in para 18.4 voorgeskryf het hoe belastingamptenare moes optree wanneer skemas ingevolge art 311 van die Maatskappywet voorgestel was.

Die vier alternatiewe verwerpe wat deur die respondent geopper is, is die volgende:

- (1) Die onderhawige skema val nie binne die raamwerk van art 311 nie, en goedkeuring daarvan kan dus nie skuldeisers van die appellant, of altans dié wat nie daartoe toegestem het, bind nie. Aangesien die respondent nie die skema aanvaar het nie, is dit onleëteendaande bekragtiging daarvan nie daaraan gebonde nie.

1994 (2) SA p277

VAN HEERDEN AR

A (2) Die onderhawige skema kon in elk geval nie op die respondent van toepassing gemaak word nie, en wel omdat dit behels het dat die respondent afstand moes doen van 'n belastingaanspraak of dit moes sedeer - iets wat die respondent nie regtens kon vermag nie.

(3) Hoewel goedkeuring van 'n skema volgens art 311 alle skuldeisers van 'n maatskappy bind, is die artikel nie van toepassing nie op 'n eiser wie se vordering bloot 'gebeurlik' is - soos die respondent se vordering ten

opsligte van addisionele belasting vir die appellant se 1982 belastingjaar wel was.

(4) Die bepalings van die skema was slegs van toepassing op skuldeisers wie se skuldoorsaak voor goekeuring van die onderhawige skema ontstaan het. Die respondent se tersaaklike skuldoorsaak het egter eers ontstaan by uitreiking van die addisionele aanslag, of vroegstens toe die Staatsmyningenieur in Maart 1986 die waarde van die ontwikkelingsbates bepaal het. Gevolglik was die skema nie op die respondent van toepassing nie.

o Vanweë die felte waarop ooreengekom is, en die aard van bogenoemde verwere, is dit onnodig om die bepalings van arts 36 en 37 van die Inkomstebelastingwet in besonderhede uiteen te sit. Ek kom egter later op die effek van sommige van daardie bepalings terug.

Die Verhoorhof het net die eerste twee verwere bespreek maar dit nie nodig e geag om tot 'n bevinding aangaande die eerste daarvan te kom nie. Omdat die tweede verweer gehandhaaf is, is die appellant se vordering egter met koste afgewys. Daarna het die Regter-president van die Kaapse Provinsiale Afdeling aan die appellant verlof verleen om na hierdie Hof te appelleer.

(Die uitspraak van die Verhoorhof is gerapporteer: *Namex (Pty) Ltd v Commissioner for Inland Revenue* 1992 (2) SA 761 (K).)

Al vier verwere is weer voor ons beredeneer. Ek bespreek hulle agtereenvolgens.

g Die eerste verweer

Die tersaaklike bepalings van art 311 van die Maatskappywet lui soos volg:

'(1) Wanneer 'n skikking of reëling voorgestel word tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers of 'n klas van hulle, . . . kan die Hof op aansoek van die maatskappy of 'n skuldeiser . . . of, in die geval van 'n maatskappy wat gelikwedeer word, van die likwidateur . . . beveel dat 'n vergadering van die skuldeisers of klas van skuldeisers . . . van die maatskappy . . . (na gelang van die geval) byeengeroep word op die wyse wat die Hof gelas.

(2) As tot die skikking of reëling toegestem word deur -

(a) 'n meerderheid in getal wat drie-kwart in waarde van die skuldeisers of klas van skuldeisers verteenwoordig; of

(b) . . .

(na gelang van die geval) wat óf persoonlik óf deur 'n gevolmagtigde op die vergadering aanwesig is en stem, bind die skikking of reëling, as die Hof dit goedkeur, al die skuldeisers of die klas van skuldeisers . . . (na gelang van die geval) en ook die maatskappy of, as die maatskappy gelikwedeer word, die likwidateur. . . .

1994 (2) SA p278

VAN HEERDEN AR

A Artikel 311(6)(a) skryf voor dat 'n goedkeuringsbevel kragteloos is totdat 'n gesertifiseerde afskrif daarvan op 'n voorgeskrewe wyse by die Registrateur van Maatskappye ingedien en deur hom geregistreer is. Om onnodige herhaling te voorkom, verwys ek egter voortaan nie na hierdie verelste nie. Wanneer ek dus die woorde goedkeuring en goedkeuringsbevel a gebruik, het ek in die oog 'n goedkeuring wat wel geregistreer is.

Die kern van die eerste verweer is dat die onderhawige skema nie 'n 'reëling' tussen die appellant en sy skuldeisers, of 'n klas van hulle, daargestel het nie, en dat die goedkeuring van die skema dus nie enige van die skuldeisers van die appellant, of altans nie dié wat nie tot die skema toegestem het nie, geblind het nie. Dit word bestry

deur die appellant wat c bowendien aanvoer dat totdat die goedkeuring tersyde gestel is, die respondent nie op die onreëlmatigheid, indien dit wel een was, kan steun nie.

Dit is op hierdie stadium dienstig om te verwys na sogenaamde standaardskemas wat gereeld in Provinsiale en Plaaslike Afdelings o ingevolge art 311(2) goedgekeur is - altans tot betreklik onlangs. So 'n skema, wat betrekking het op 'n maatskappy onder voorlopige likwidasie, behels in essensie die volgende:

(a) Die aanbieder van die skema ('die insiseerder') bied aan om 'n bepaalde of bepaalbare bedrag beskikbaar te stel. Daardie bedrag e is hoofsaaklik bestem vir verspreiding onder skuldeisers van die maatskappy. In die reël staan versekerde en preferente skuldeisers ten volle betaal te word - altans tot die omvang van hul sekuriteit of voorkeur - terwyl voorsiening gemaak word vir betaling van 'n dividend aan konkurrente skuldeisers.

(b) Slegs skuldeisers wat hul vorderings op een of ander voorgeskrewe f wyse bewys, meestal op 'n vergadering van skuldeisers of teenoor 'n ontvanger benoem in die skema, verkry sodanige betaling en wel vanaf die ontvanger.

(c) By die plaasvind van 'n bepaalde gebeurtenis, gewoonlik goedkeuring van die skema, word dit geag dat skuldeisers 'n sessie g van hul vorderingsregte teen die maatskappy aan die insiseerder (of sy genomineerde) gee.

(d) Wat op fiktiewe wyse gesedeer word, is egter nie die volle vordering nie. Die omvang daarvan word naamlik verminder met 'n gedeelte daarvan - meestal met een persent.

(e) By goedkeuring van die skema word die maatskappy uit voorlopige h likwidasie onthef.

Onderworpe aan enkele afwykings wat nie vir huidige doeleindes van belang is nie, het die onderhawige skema al die wesenskenmerke van 'n standaardskema bevat. Ek hoef slegs na para 5 daarvan te verwys. Daarin is onder andere gestipuleer dat

1 'met sanksie van die aanbod en registrasie daarvan:

5.3 sal die eise (van skuldeisers van die maatskappy)

5.3.1 verminder word met 'n bedrag van R10 000; en

5.3.2 onderworpe aan die vermindering in 5.3.1 geag word aan die aanbieder sedeer te wees en sal dit in die aanbieder setel en die regte van alle skuldeisers sal daarna beperk wees tot die reg om J betaling kragtens daardie aanbod te eis . . . '.

1994 (2) SA p279

VAN HEERDEN AR

a Sover my bekend, is die juridiese aanvaarbaarheid van 'n standaardskema vir die eerste keer in *Ex parte Kaplan and Others NNO: In re Robin Consolidated Industries Ltd.*¹ ('Robin') betwyfel. Die resultaat was dat 'n Volle Hof van die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling beslis het dat 'n standaardskema nie binne die raamwerk van art 311 (1) tuisgebring kan word nie. Die *ratio decidendi* was dat so 'n skema 'n reëling tussen die b insiseerder en die skuldeisers van die maatskappy is, en nie een tussen die maatskappy en sy skuldeisers nie. Hierdie beslissing is kort daarna deur 'n Volle Hof van die Kaapse Provinsiale Afdeling gevolg.² Daarna het 'n Volle Hof van die Durban en Kus Plaaslike Afdeling egter afgewyk.³

c Indien *Strydom* verkeerd beslis is, sal dit nodig wees om 'n aantal verdere argumente van die appellant aangaande die al of nie geldigheid van die respondent se eerste verweer te oorweeg. Indien dit egter reg beslis is, verval daardie verweer. Dit is gevolglik aangewese om terstond die teenstrydige judisiële opvattinge in oënskou te neem.

BA

o Ter aanvang is enkele algemene opmerkings aangewese. Eerstens word algemeen aanvaar dat die woord 'reëling' waar dit in die frase 'skikking of reëling' in art 311(1) voorkom, 'n wye betekenis het. Presies hoe wyd, is nie tans ter sake nie. Die sentrale vraag wat in bogenoemde drie sake ter sprake was, was naamlik nie of 'n standaardskema wel 'n 'reëling' is nie, maar of dit die maatskappy betrek. Indien die Howe in *Robin* en *Multi-Bou* van oordeel was dat 'n standaardskema wel aan hierdie verelste voldoen, ly dit geen twyfel nie dat dit na hul mening binne die raamwerk van art 311(1) sou val. Met so 'n konklusie sou ook geen fout gevind kon word nie.

Tweedens is dit eintlik vanselfsprekend dat 'n 'reëling' nie sinoniem met 'n 'skikking' is nie, want anders sou die Wetgewer twee woorde met dieselfde betekenis gebruik het. In hierdie verband dien daarop gewys te word dat in *Multi-Bou*⁴ met blykbare goedkeuring verwys is na 'n opvatting dat vir die doeleindes van art 311(1) 'n 'reëling' 'n skikkings-element ('an element of compromise') moet bevat. Dit kan nie juis wees nie omdat 'n skikking 'n geskil voorveronderstel, en 'n reëling 'n klaarblyklik nie die oplossing van 'n geskil ten doel hoef te hê nie. Dit kom egter voor dat Berman R die woord 'compromise' in 'n oneigenlike sin gebruik het, want hy het ook 'n 'adjustment of rights' tussen die maatskappy en sy skuldeisers tipeer as 'the distinctive feature of a compromise'. En so 'n aanpassing sou kon geskied by wyse van 'n skema waarvolgens die skuldeisers van 'n maatskappy, of sommige van hulle, ter 'n delging of verlies van hul onbestrede vorderings bedrae minder as die omvang daarvan staan te ontvang.

Ek gaan nou oor tot oorweging van die vraag of 'n standaardskema wel 'n

1994 (2) SA p280

VAN HEERDEN AR

A 'n reëling tussen die maatskappy en sy skuldeisers behels. Soos reeds geblyk het, bepaal so 'n skema o.a. dat by goedkeuring daarvan (of soms later) die vorderings van skuldeisers verminder sal word, en dat dit dan geag sal word dat hulle sessies van die verminderde vorderings aan die inisieerder gegee het. (Gerieflikheidshalwe verwys ek voortaan na so 'n 'sessie' as 'n veronderstelde sessie.) Wat eersgenoemde bepaling betref, sê het Berman R in *Multi-Bou*⁵ die volgende gesê:

'Nor does the agreement of the creditors to reduce their claims against the company by 1 cent in the rand in any way involve the company in the transaction between the creditors and the third party, for an instruction to the company to reflect reductions in creditors' claims in its books of account does not constitute an arrangement between the company and its creditors.'

In soverre hierdie passasie te kenne gee dat, afgesien van statutêre meganismes, 'n vermindering van 'n skuldeiser se vordering teen 'n maatskappy sonder laasgenoemde se medewerking bereik kan word, kan ek nie o.s. saamstem nie. 'n Delging, of gedeeltelike delging, van 'n skuld vereis immers die medewerking van die skuldenaar.⁶ Dit kom my dan ook voor dat die passasie berus op 'n wanvertolking van uittalings van Coetzee ARP in *Robin*.⁷ Hy het naamlik gesê dat die bepaling betreffende vermindering van vorderings nie deel van die basiese inhoud van 'n standaardskema is nie aangesien implementering daarvan niks meer as 'the requisite entries in the books of the company' vereis nie; dat dit skeibaar is van die bepaling betreffende 'n veronderstelde sessie; dat laasgenoemde bepaling die wesensinhoud van die skema is, en dat dit gerig is op 'n reëling tussen skuldeisers en die inisieerder en nie op een tussen die maatskappy en die skuldeisers nie.

F Om die redes deur hom vermeld, stem ek saam met Coetzee ARP dat 'n blote verminderingsbepaling nie meebring dat 'n standaardskema 'n reëling tussen die maatskappy en sy skuldeisers ten doel het nie. So 'n bepaling betrek egter wel die maatskappy en moet dus in samehang met ander bepalings van die skema oorweeg word.

Ek kom vervolgens by para 5.3.2 van die onderhawige skema en g. ooreenstemmende bepalings van die standaardskema. Soos reeds aangedui, is in *Robin* bevind dat 'n bepaling aangaande 'n veronderstelde sessie nie 'n reëling tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers daarstel nie. In *Multi-Bou*⁸ was die Kaapse Hof blykbaar dieselfde mening toegedaan. Maar in *Strydom* is 'n strydige gevolgtrekking bereik.

RA

■ Klousule 22 van die standaardkema wat in *Robin* ter sprake was, het bepaal dat 'n veronderstelde sessie op 'n toekomstige datum sou plaasvind. Met verwysing na hierdie klousule het Coetzee ARP die volgende gesê:²

'I turn now to the present scheme. It purports to be an "arrangement between the company and its creditors", but when it is stripped of the large number of

1994 (2) SA p281

VAN HEERDEN AR

Ancillary provisions required to put it into operation, it is no more than an acquisition by Sassari (die inisieerder) of creditors' claims in these five companies. As such it is an arrangement between it and the creditors, no more, and not one between the company and the creditors. This is evident from my description of the scheme - particularly para 22. It does not postulate even a tripartite agreement between Sassari, the creditors and the company. It is simply one between Sassari and the creditors whereby they cede their claims to Sassari against payment of the stipulated consideration.

In any such cession the company as debtor plays no role beyond having to pay its debts to its new creditors in respect of the same claims according to their tenor. It is a contract purely between cedent and cessionary. The only relevance of mentioning the company at all is purely to identify the subject-matter of the debt which is being ceded.'

Die redes waarom die Hof in *Strydom* van hierdie benadering verskil het, kan soos volg saamgevat word. Dit is waar dat 'n sessie nie medewerking of selfs kennis van die skuldenaar verg nie. 'n Sessie spruit naamlik voortuit 'n ooreenkoms tussen slegs die sedent en sessionaris. 'n Veronderstelde sessie is egter nie 'n konsensuele sessie nie. Dit word bloot geag laasgenoemde te wees. 'n Veronderstellingsbepaling in 'n standaardooreenkoms bring gevolglik mee dat die maatskappy gebonde is aan 'n oordrag van vorderingsregte sonder die nodigheid van 'n konsensuele sessie. Dus:¹⁰

'The arrangement . . . whereby the company will recognise the offeror as its new creditor in place of its old seems to us to be not only notionally and linguistically, but also in its basic content, an arrangement between it and its creditors.'

Dit kom my voor dat hierdie benadering berus op 'n verwarring tussen die gevolg wat die inisieerder teweeg wil bring en die statutêre meganisme wat bestem is om effektiewe gevolg daaraan te gee. Aanvanklik maak die inisieerder 'n aanbod dat op sekere voorwaardes skuldeisers hul vorderingsregte aan hom moet sê. Aanvaar alle skuldeisers (of al dié waarop dit van toepassing is) die aanbod, kom 'n kontrak tot stand ongeag of al of nie van die bepalings van art 311(1) gebruik gemaak is. Al sou die aanbod 'n veronderstellingsbepaling bevat, word dan nietemin 'n konsensuele sessie teweeg gebring. Artikel 311 is egter op die Wetboek geplaas omdat voorsien is dat dit heel dikwels onmoontlik sou wees om aanvaarding deur alle skuldeisers te verkry. Daarom is bepaal dat indien die reëlingsaanbod op die voorgeskrewe wyse aanvaar en goedgekeur word, dit alle skuldeisers bind. Dié wat nie toegestem het nie word dan by 'n goedkeuring as't ware statutêre partye tot die voorgestelde ooreenkoms. 'n Veronderstellingsbepaling word nou juis in 'n standaardkema ingevoeg omdat beseft word dat 'n aantal skuldeisers nie die aanbod mag aanvaar nie, en dat betreffende hulle van 'n fiksie gebruik gemaak moet word om oordrag van hul vorderingsregte te bewerkstellig. Die rede waarom 'n oordrag in sodanige gevalle uiteindelik plaasvind, is egter uitsluitlik die bindende bepaling van art 311(2). En daarvoor is toestemming of medewerking van die maatskappy nie 'n vereiste nie. Of 'n reëling nou ook bepaal dat skuldeisers hul vorderingsregte aan die inisieerder moet sê, en of dit

1994 (2) SA p282

VAN HEERDEN AR

'n Veronderstellingsbepaling bevat, is gevolglik, gesien uit die oogpunt van die maatskappy, irrelevant. In beide gevalle bring goedkeuring 'n oordrag mee sonder betrokkenheid van die maatskappy.

Ek stem dus saam met Coetzee ARP dat 'n veronderstellingsbepaling nie op 'n reëling tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers gerig is nie. Dit bring egter nie mee dat 'n standaardkema nie binne die raamwerk van art 311(1) tuisgebring kan word nie.

Sodra 'n maatskappy onder voorlopige likwidasie geplaas word, het alle skuldeisers daarvan 'n belang by die lotgevalle van die likwidasieproses. Enige van hulle sou bekragtiging van die voorlopige bevel kon bestry, of onder gepaste omstandighede as mede-aansoeker tot die verrigtinge kon oetree. Een van die hoofogmerke van 'n standaardskema is ongetwyfeld die oordrag van skuldeisers se vorderingsregte aan die inisieerder. So 'n oordrag bereik egter niks indien 'n finale likwidasiebevel nogtans verleen word nie. Die ander hoofogmerk is gevolglik die ontheffing van die maatskappy uit voorlopige likwidasie. By bereiking van daardie oogmerk het o en die maatskappy en sy skuldeisers 'n belang. Op dié van die skuldeisers het ek hierbo gewys. Uit die maatskappy se oogpunt lê die voordeel van 'n ontheffing daarin dat dit weer, deur sy direksie, vry doende kan wees. Al die nadele van die voorlopige bevel verval. Wat meer is, die maatskappy het nou net 'n enkele vriendskaplikgesinde skuldeiser en die ou e skuldeisers kan nie op grond van hul voorheen bestaande vorderings opnuut om likwidasie aansoek doen nie.¹¹ 'n Voorgestelde 'herrying' van 'n maatskappy is dus wel deeglik op 'n reëling tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers gerig.

Dit is natuurlik waar dat, soos reeds meermale genoem, 'n standaardskema ook 'n reëling tussen die inisieerder en die maatskappy se skuldeisers e behels, maar in *Multi-Bou*¹² is tereg bevind dat art 311(1) nie verg dat 'n skema slegs 'n reëling tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers moet beliggzaam nie. Trouens, juis vanweë die insolvensie van die maatskappy sal dit heel selde gebeur dat 'n reëling net tussen hom en sy skuldeisers aangegaan word.

o Vanweë die oënskynlike passiewe rol wat 'n maatskappy in likwidasie vir die doeleindes van art 311 speel, is 'n mens geneig om die regsgevolge wat bekragtiging van 'n reëling vir die maatskappy meebring, uit die oog te verloor. 'n Standaardaanbod word egter ook aan die likwidateur gerig. Veral wanneer 'n maatskappy uit eie beweging 'n voorlopige likwidasiebevel e verkry het, is die aanbod dus ook gerig op verkryging van die likwidateur se toestemming tot 'n ontheffing uit likwidasie. In die praktyk word 'n aansoek ingevolge art 311(1) dan ook deur die likwidateur aanhangig gemaak. Trouens, dit mag wees dat hy die enigste persoon met die nodige *locus standi* is.¹³

Die juistheid van bostaande kan soos volg geïllustreer word. Veronderstel i dat nadat 'n aansoek om voorlopige likwidasie deur 'n maatskappy aanhangig gemaak is, 'n inisieerder 'n aanbod aan die maatskappy en sy

1994 (2) SA p283

VAN HEERDEN AR

a skuldeisers maak, en dat dit die kern van 'n standaardskema bevat met die uitsondering dat die aansoek teruggetrek moet word (in teenstelling tot 'n ontheffing uit voorlopige likwidasie). Indien die aanbod aanvaar word, sou nouliks gesê kan word dat die maatskappy nie 'n party tot die ooreenkoms is nie, of dat die ooreenkoms nie 'n reëling tussen die maatskappy en sy skuldeisers behels nie.

b Die passiewe rol waarna ek hierbo verwys het, is natuurlik toe te skryf aan die feit dat na voorlopige likwidasie die beheer oor die maatskappy op die voorlopige likwidateur oorgaan. Maar hoewel die maatskappy op die oog af nie 'n aktiewe party tot 'n goedgekeurde standaardskema mag wees nie, bevat dit om bogenoemde redes nog steeds 'n reëling, en 'n verneme een, e tussen die maatskappy en sy skuldeisers. Selfs sonder inagneming van die verminderingbepaling is ek derhalwe van oordeel dat 'n standaardskema wel onder art 311(1) tuisgebring kan word.

Dit volg dat die eerste verweer misluk. Dit is derhalwe onnodig om te verwys na elesoortige bepalinge van die onderhawige skema waarop die o appellant se advokaat gesteun het, of om te besin oor die vraag of indien 'n goedgekeurde skema nie aan die vereistes van art 311(1) voldoen nie, 'n skuldeiser, en veral een wat kennis van 'n statutêre vergadering gekry het, hom daarop kan beroep sonder om eers die goedkeuringsbevel tersyde te laat stel.

«Die tweede verweer

Soos reeds geblyk het, is die kern van hierdie verweer dat die respondent nie ressorteer onder skuldeisers met wie 'n reëling ingevolge art 311(1) aangegaan kan word nie, en wel omdat die respondent nie regtens bevoeg is om afstand te doen van 'n belastingvordering of om dit te sedeer nie. Die ϵ beredenering van die Verhoorhof waarvolgens die verweer gehandhaaf is, kan soos volg saamgevat word:

(a) Artikel 311 magtig nie die goedkeuring van 'n reëling wat 'n skuldeiser bind tot iets wat hy nie uit vrye wil kan bereik nie.¹⁴

(b) 'n Openbare amptenaar soos die respondent, wie se plig dit is om ϵ belasting in te vorder, is nie bevoeg om geheel of gedeeltelik afstand van betaling van 'n belastingsskuld te doen nie.¹⁵

(c) Die respondent is ook nie bevoeg om 'n belastingvordering te sedeer nie. Retories is gevra of so 'n sessie sou meebring dat die sessionaris insae in die respondent se dossiere sou kon verkry, en welke bevoegdhede π hy in verband met onaangeslane belastingpligtigheid - en bepaaldelik die verpligting wat in *casu* uit 'n toekomstige bepaling van die Staatsmyningenieur kon voortspruit - sou kon uitoefen.¹⁶

(d) Dit was derhalwe nie die oogmerk nie van die Insiseerder (Trans Hex

1994 (2) SA p284

VAN HEERDEN AR

a Groep Bpk), of van die Hof wat die onderhawige skema goedgekeur het, om die respondent in te sluit by die skuldeisers waarop dit betrekking gehad het.¹⁷

Die vierde oorweging is klaarblyklik 'n konklusie gebaseer op die eerste drie oorwegings. Dit verval gevolglik indien laasgenoemdes nie houdbaar is ϵ nie. Wat dus nou pertinent ter sprake is, is of die bepalings van art 311(2) waarvolgens 'n goedgekeurde skema skuldeisers van die maatskappy bind, ook die Staat, en meer bepaald die respondent, kan insluit.

Dit is duidelik, meen ek, dat volgens die Verhoorhof art 311(2) nie van ϵ toepassing is op enige vordering ten opsigte van belasting nie, al sou die bedrag daarvan reeds aangeslaan of andersins bekend wees. Om onnodige komplikasies te vermy, beperk ek my dan ook onder die onderhawige hoof tot vorderings vir aangeslane of altans bekende belastingpligtigheid.

Behoudens bepalings van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 wat tans nie ϵ ter sake is nie, en moontlik ook dié van die Skatkiswet 66 van 1975 waarop ek later terugkom, kan in die lig van die gesag aangehaal deur die Verhoorhof toegegee word dat 'n belastinggaarder in die reël nie bevoeg is om belasting kwyt te skeld, dit deur 'n skikking te verminder, of sy vorderingsreg daarop te sedeer nie. Maar, tensy die gemene reg of wetgewing dit magtig, is geen amptenaar bevoeg om sulke resultate ten opsigte van enige Staatsvordering te bereik nie. Indien die Verhoorhof dit ϵ reg het, kan art 311 in die reël dus ook nie op die Staat as kontraktuele of deliktuele skuldeiser van toepassing wees nie.

In *City of Cape Town v Claremont Union College*¹⁸ het Beyers AR klaarblyklik aanvaar dat in die geval van 'n netelige geskil 'n belastinggaarder wel 'n bindende skikking vir 'n bedrag minder as dié van ϵ sy eis kan aangaan. Die Villiers AR het ook hierdie uitsondering erken. Met 'n beroep op Voet 2.15.2 het hy die volgende gesê:¹⁹

'I take it to be an elementary general proposition of law that when any dispute or question of liability arises between two persons, they are competent to settle the matter between themselves by agreement, without being compelled to have recourse to a court of law, and I see no cogent ϵ reason why a legal *persona* in the position of a municipality should not have the power, for the purpose of carrying out its statutory functions, of settling disputes and questions of liability without being compelled to have recourse to a court of law.'²⁰

BR

Die logiese grondslag van hierdie uitsondering lê voor die hand. Die reël is dat die Staat - en bepaaldelik 'n belastinggaarder - nie deur 'n afstanddoening benadeel moet word nie. 'n Skikking, altans een van 'n netelige kwessie, hou egter ook voordele vir die Staat (of 'n owerheidsliggaam) in. Dit loop dan nie die risiko om na 'n moontlik uitgerekte proses en die aangaan van substansiële koste uit te vind dat die gewaande bedrag nooit verskuldig was nie. Die bepalings van die Skatkweswet daargelaat, is daar dus niks wat die respondent verhinder om by nadat appèl teen 'n afwysing :

1994 (2) SA p285

VAN HEERDEN AR

• a van 'n beswaar aangeteken is, 'n skikking betreffende 'n netelige geskilpunt te bereik nie. En aangesien bogenoemde reël geld ter voorkoming van benadeling van onder andere die *fiscus*, is daar geen rede waarom

'n belastinggaarder nie ook afstand kan doen van 'n gedeelte van sy belastingvordering indien dit vasstaan dat hy andersins niks meer as die oorblywende gedeelte kan verhaal nie. In so 'n geval is daar immers geen • sprake van benadeling van die Staatskas nie.

Ek kan gevolglik nie insien waarom die respondent nie gemeenregtelik geldiglik kan toestem tot 'n reëling ingevolge art 311 indien hy niks minder daarvolgens staan te ontvang as wat hy deur die likwidateur, in geval van die alternatief van finale likwidasie, uitbetaal sou word nie. Net so min is daar 'n rede waarom in die gepostuleerde omstandighede hy • selfs in die afwesigheid van toestemming nie deur 'n goedkeuring van die reëling gebonde sou wees nie. Hy word dan immers nie gebonde gehou aan iets wat hy nie kontraktueel kon vermag het nie.

Dit is egter nodig om te verwys na die beslissing in *Mercian Investments (Pty) Ltd v Johannesburg City Council*²¹ waarop beide die Verhoorhof en • die advokaat vir die respondent gesteun het. In daardie saak het 'n munisipaliteit, as skuldelser van 'n maatskappy ('Mercian'), 'n eis vir plaaslike belasting bewys en gedeeltelike betaling ontvang nadat 'n reëling ingevolge art 311(2) van die Maatskappywet goedgekeur was. Toe Mercian later die betrokke grond wou vervreem, het die munisipaliteit geweer om sogenaamde belastingbewyse uit te reik omdat die belasting nie • te ten volle betaal was nie. Schabert R het die munisipaliteit gelyk gegee en gesê²² dat

'the sanctioning by the Court was not intended by the Legislature to serve as a statutory mechanism to clad the respondent (die munisipaliteit) with a capacity to contract in defiance of its relevant right and violation of • its relevant duty'.

Al wat ek oor hierdie uitspraak hoef te sê, is dat die munisipaliteit blykbaar heelwat minder ontvang het as wat dit in 'n likwidasieproses sou ontvang het. Dit was die geval omdat art 50(1) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 17 van 1939 (T) in effek bepaal het dat transport van • grond binne 'n munisipale gebied nie bewerkstellig kon word nie tensy plaaslike heffings daarop wat vir 'n omskrewe tydperk aan 'n munisipaliteit verskuldig was, wel betaal was. Schabert R het dan ook gesê:²³

'There is not the slightest suggestion . . . that the respondent's prospects of recovering its relevant imposts from the applicant were at any material time slender or void. There would, indeed, appear to have been ample value in the applicant's assets for satisfying the respondent's • claims.'

Alhoewel Schabert R slegs na die 'applikant' (dws Mercian, wat ingevolge 'n goedgekeurde reëling uit likwidasie onthef is) verwys het, is dit duidelik, meen ek, dat hy ook die maatskappy-in-likwidasie in gedagte gehad het. Hoe dit ook al sy, is die aangeleentheid nie beredeneer nie op : die grondslag dat die munisipaliteit by wyse van konkurrente diwidende net soveel of meer ontvang het as wat dit sou toegeval het indien die reëling

1994 (2) SA p286

VAN HEERDEN AR

a nie goedgekeur was nie en finale likwidasië gevolg het. Die beslissing in *Mercian* staan dus nie in die weg van erkenning van bogenoemde uitsondering nie.

Die Skatkiwet bestendig nou juis dié gemeenregtelike posisie. Artikel 31(1)(i) verleen naamlik aan die Tesourie die bevoegdheid om goedkeuring a te verleen vir die skikking van 'n eis van die Staat of vir die afstanddoening van so 'n eis. Dit is egter duidelik dat hierdie bevoegdheid deur art 31(2) gekwalifiseer word. Daarvolgens, vir sover tans ter sake, kan die Tesourie na goeë dunnke goedkeur dat 'n bedrag wat aan die Staat verskuldig is in die geheel of ten dele afgeskryf kan word indien dit oortuig is dat die bedrag oninbaas is of dat dit tot voordeel van die c Staat sal strek om 'n skikking van die betrokke vordering aan te gaan of daarvan afstand te doen. Of die respondent ten opsigte van 'n belastingvordering hierdie bevoegdhede kan uitoefen slegs indien hy spesifiek kragtens art 32 daartoe gemagtig is, is nie ter sake nie. Felt is dat arts 31 en 32 'n meganlek skep waarvolgens 'n Staatstruktuur - of amptenaar - geheel of gedeeltelik van 'n belastingvordering afstand kan o doen. Indien 'n reëling ingevolge art 31(1) van die Maatskappywet dus 'n aanbod ten opsigte van so 'n vordering behels, kan dit aanvaar word mits die vereistes van art 31 van die Skatkiwet bevredig word. En indien dit nie aanvaar word nie en die reëling goedgekeur sou word, sou dan nie gesê kan word dat die goedkeuringsbevel die Staat blind tot iets wat dit nie kontraktueel kon bereik het nie.

ε Daar is natuurlik verskillende soorte belastinggaars en die belastingpligtigheid van 'n maatskappy ten opsigte waarvan 'n reëling voorgestel word kan dus van uiteenlopende aard wees. Spesifiek wat inkomstebelasting betref, sal dit uitersaad nie dikwels gebeur nie dat die respondent volgens 'n reëlingsaanbod minder as die volle omvang van sy f bekende belastingvordering sal staan te ontvang. So 'n vordering is immers vanweë die bepalings van art 342 van die Maatskappywet, saamgelees met art 101(a) van die Insolvenswet, 'n preferente een. 'n Reëlingsaanbod sal dus normaalweg voorsiening maak vir volle betaling daarvan. Dit is egter moontlik dat die vrye oorskot nie voldoende mag wees om die vordering in sy geheel te delg nie, en dat die inisieerder van die skema mag aanbied om e aan die respondent 'n bedrag te betaal gelykstaande aan of meer as dit wat hy in 'n likwidasiëproses sou ontvang het. Indien dit sou gebeur, kan ek geen rede vind waarom goedkeuring van die skema nie die respondent sou blind nie. Hy sou dus nie later kon omdraai en die balans van die belastingskuld van die maatskappy kon vorder nie.

κ Die respondent het in essensie nie bostaande betwis nie. Inderdaad is toegegee dat indien die respondent 'n eis ingevolge 'n standdaarskema sou bewys en dan 'n bedrag sou ontvang nie minder as dit wat hy in 'n finale likwidasië sou ontvang het nie, hy nie later sou kon aanvoer dat die 'herrese' maatskappy nog steeds die balans van sy eis aan hom verskuldig i is nie. Wel is aangevoer dat indien die respondent as gevolg van onagsaamheid of andersins nie 'n eis bewys het nie, hy nog steeds die volle bedrag van sy belastingvordering van die maatskappy kan verhaal, en dit ondanks die bepalings van die skema waarvolgens hy as't ware van sy vordering ontdaan word. Ek kan nie akkoord gaan nie. Dit is natuurlik waar dat onagsaamheid normaalweg nie die *fiscus* kan benadeel nie. Indien die j wesensinhoud van 'n skema egter die Staat bevoordeel vind ek geen

1994 (2) SA p287

VAN HEERDEN AR

a rede waarom die Staat nie daartoe sou kon instem nie bloot omdat 'n versuim om aan 'n prosessuele voorskrif te voldoen tot verlies van 'n Staatsvordering sou kon lei nie. Die uitgangspunt is immers dat die Staat dit wel sal nakom.

Die onhoudbaarheid van bostaande betoog word bes geïllustreer wanneer op a die regskonsekwensies van aanvaarding daarvan gelet word. Dit gaan tans oor die vraag of die 'skuldeisers' wat kragtens art 31(2) deur 'n goedkeuringsbevel gebind word ook die respondent kan insluit. Volgens bedoelde betoog sal dit wel die geval wees indien hy onder die omstandighede hierbo geskets 'n eis sou bewys, maar nie indien hy sou versuim om sulks te doen nie. Die vertolking van die woord is dus afhanklik van die

respondent se optrede, of gebrek daaraan. In wese kan c die respondent dus self besluit welke uitleg aan die woord gegee moet word. Blote formulering van hierdie konsekwensie lei onmiddellik tot verwerping daarvan.

Alhoewel reeds meermale so aangedui, moet ek duidelikheidshalwe weer noem o dat die voorgaande opmerkings bestem is om van toepassing te wees op 'n geval waarin die omvang van 'n maatskappy se belastingpligtigheid vasstaan; met ander woorde, indien daar nie sprake is of kan wees van 'n addisionele belastingskuld wat die onderwerp van 'n toekomstige addisionele aanslag of heffing mag wees nie. Gerieflikheidshalwe kom ek onder die volgende hoof terug op die vraag of goedkeuring van 'n reëling e die Staat ook ten opsigte van sodanige addisionele skuld kan bind.

Ek moet nou aandag gee aan die probleme geopper deur die Verhoorhof in verband met 'n sessie, of veronderstelde sessie, van 'n belastingvordering. Daar is analogiese gesag vir die stelling, wat ek veronderstel juis te wees, dat 'n amptenaar soos respondent in die reël nie so 'n vordering kan sedgeer nie.²⁴ Wanneer 'n bepaling dat 'n sessie f moet geskied egter 'n integrale deel vorm van 'n reëling waartoe die belastinggaarder mag toestem, is die posisie myns insiens anders; altans wanneer die skuldenaar nie deur die sessie geraak kan word nie. In geval van goedkeuring van 'n reëling wat ook op 'n belastingvordering betrekking het, is die posisie nou juis dat dit aan die maatskappy geen verskil kan maak of dit die betrokke bedrag aan die belastinggaarder of aan die g inisieerder verskuldig is nie. En soos reeds bevind, is so 'n reëling een tussen die maatskappy en sy skuldeisers, insluitende die belastinggaarder. In wese stem die maatskappy deur die likwidateur, dus toe tot die sessie, of veronderstelde sessie.

Die praktiese probleme waarop die Verhoorhof gewys het, is van n denkbeeldige eerder as substansiële aard. Al wat oorgaan op die inisieerder is die reg om die betrokke (verminderde) bedrag van die maatskappy te verhaal. Hy kan klaarblyklik nie qua nuwe skuldeiser aanspraak maak op bevoegdhede wat statutêr slegs die respondent toekom, en dus nie saam met die blote vorderingsreg oorgedra kan word nie. Hy is gevolglik nie geregtig op insae in die respondent se tersaaklike dossiere i wat statutêr aan geheimhouding onderworpe is nie. Dat dit in sekere gevalle vir hom moeilik mag wees om die vordering te bewys, raak die effektiwiteit van die

1994 (2) SA p288

VAN HEERDEN AR

A sessie en die geldigheid daarvan nie (vgl die analogiese posisie wanneer 'n geneesheer of bank sy vorderingsreg teenoor sy pasiënt of klant sedgeer).²⁵ Begriplik sou 'n maatskappy voor goedkeuring van 'n reëling appèl kon aangeteken het teen 'n aanslag, maar daaruit volg nie dat die maatskappy daarna die appèl sou kon voortsit nie. Hoewel art 311(2) nie in o soveel woorde so bepaal nie, is dit naamlik duidelik dat 'n goedgekeurde reëling die maatskappy ook na ontheffing uit likwidasie bind. Indien die respondent dus ingevolge die bepalings van 'n reëling 'n eis bewys het, sou die maatskappy daardeur gebonde wees. Eweseer sou dit gebonde wees aan 'n sessie of veronderstelde sessie van so 'n eis. Dit is bowendien ondenkbaar dat 'n maatskappy sou volhard met 'n appèl nadat die c vriendskaplikgesinde inisieerder in wie die belastingvordering dan setel, beheer daarvoor verkry het.

Maar al sou 'n belastingvordering onder geen omstandighede vir sessie vatbaar wees nie, bring dit op sigself nie mee dat 'n belastinggaarder nie aan die ander bepalings van 'n standaardskema gebonde is nie. Een van die o wesentlike bepalings van so 'n skema is immers juis dat na goedkeuring 'n skuldeiser sy voormalige vordering slegs teenoor die ontvanger kan afdwing. Of sy vordering op iemand anders oorgaan, is gevolglik vir die skuldeiser van geen belang nie. Indien die vordering nie vir oordrag vatbaar is nie, is die enigste konsekwensie dus dat dit tot niet gaan.

e Uit die voorgaande volg dat in soverre die tweede verweer berus op die premisse dat 'n belastinggaarder soos die respondent onder geen omstandighede aan 'n

P.A.

goedgekeurde reëling gebonde kan wees nie, of altans nie indien hy nie 'n eis bewys nie, dit nie kan slaag nie.

Die derde verweer – Soos sal blyk, is die tweede en derde verweere tot 'n sekere mate oorvleuelend. Die kern van die derde verweer is egter dat die respondent ten opsigte van die bedrag van meer as R700 000 wat later aangeslaan is, ten tye van goedkeuring van die onderhawige skema 'n besonderse soort skuldeiser, nl 'n 'gebeurlike' een, van die appellant was, en dat waar art 6 311(2) van die Maatskappywet bepaal dat 'n goedgekeurde reëling skuldeisers van 'n maatskappy bind, dit nie sodanige skuldeiser insluit nie.

Bepalings van Australiese maatskappywetgewing stem in breë trekke ooreen met dié van art 311 van ons wet. Die appellant het hom dan ook beroep op 'n aantal Australiese gewysdes waarin die draagwydte van die woord 'creditors' - wat deur 'n goedkeuringsbevel gebind word - ter sake was. Daarvolgens is die heersende mening dat die woord voorwaardelike skuldeisers, asook dié met ongelikwildeerde vorderings, insluit.²⁶ So 'n wye vertolking van 'skuldeisers' in art 311(2) van ons Wet kan, indien nie gekwalifiseer nie, tot probleme lei. Eerstens vereis die subartikel dat 'n reëling aanvaar moet word deur 'n meerderheid in getal wat drie-kwart in 'n waarde van die skuldeisers . . . verteenwoordig'. Die Wetgewer het egter

1994 (2) SA p289

VAN HEERDEN AR

Maar nie bepaal of, en indien wel, hoe 'n waarde op die vordering van 'n voorwaardelike skuldeiser geplaas moet word nie. Tweedens word geen voorsiening gemaak nie vir 'n waardasie van sodanige vordering deur 'n ontvanger of enige ander persoon nadat 'n reëling goedgekeur is. Hoe moet dus die diwidende wat 'n konkurrente, voorwaardelike skuldeiser toekom, bereken word? (Vergelyk art 48 van die Insolvensiewet 24 van 1936.)

Toegegee dat die woord 'skuldeisers' wyd genoeg is om ook 'n voorwaardelike een in te sluit, mag die enigste sinvolle oplossing wees om elke sodanige skuldeiser as 'n 'klas' van sy eie te behandel (tensy, en natuurlik, dieselfde voorwaarde op meerdere skuldeisers se vorderings betrekking het).²⁷ Dit sou meebring dat die bepaling van art 311(2) wel op voorwaardelike skuldeisers van toepassing is, maar dat elke sodanige skuldeiser die reëling, in soverre dit op hom van toepassing is, op 'n aparte 'vergadering' sou moes aanvaar. Die probleem wat ek ten opsigte van die stemkrag van so 'n skuldeiser geopper het, sou dan vanselfsprekend o Wegval. Klaarblyklik sou die voorgestelde reëling dan 'n aanbod ook aan voorwaardelike skuldeisers moes bevat (indien beoog word om hulle te bind), en sou die aanbod moes bepaal welke waarde op hul vorderings geplaas staan te word vir doeleindes van betaling kragtens die skema. In die lig van wat volg, is dit egter nie nodig om 'n oorwoë mening oor die aspek onder bespreking te huldig nie.

Was die respondent wel 'n voorwaardelike skuldeiser? Met 'n beroep op 'n aantal beslissings het die appellant se advokaat betoog dat inkomstebelastingpligtigheid laasstens aan die einde van 'n belastingjaar ontstaan, dws nog voordat 'n aanslag uitgereik is.²⁸ Dié betoog is gegrond. Uit bedoelde beslissings blyk dit dat hoewel die uitreiking van 'n aanslag 'n vereiste vir die afdwingbaarheid van 'n belastingskuld mag wees, die skuld as sulks reeds voor daardie gebeurlikheid bestaan. Dit is dus nie onderhewig aan 'n voorwaarde die vervulling waarvan kan meebring dat verskuldigheid nie sal ontstaan nie of sal verval. Ten opsigte van onaangeslane inkomstebelastingpligtigheid is die respondent gevolglik nie 'n voorwaardelike skuldeiser wat in 'n klas anders as die algemene klas 6 van preferente skuldeisers van 'n belastingbetaler val nie.

Nietemin geld besondere oorwegings vir die respondent as skuldeiser van 'n onbekende belastingskuld (en dit is die enigste soort skuld waarvoor ek dit voortaan het). Ek meen naamlik dat goedkeuring van 'n reëling nie die respondent kan bind nie, selfs nie indien 'n reëling met hom as aparte 'n klas' van skuldeiser voorgestel was nie.

Ek het reeds daarop gewys dat 'n voorgestelde reëling in wese 'n aanbod is wat aan oa 'n maatskappy se skuldeisers gemaak word. Dit is gerig op hul aanvaarding daarvan. Wat betref dié wat wel aanvaar, kom daar natuurlik 'n ooreenkoms tot stand, onderhewig egter aan die Hof se goedkeuring van die reëling. Word 'n goedkeuring verleen, bind die ooreenkoms ook ander skuldeisers van die

1994 (2) SA p290

VAN HEERDEN AR

'n maatskappy; nie omdat hulle dan ook kontrakspartye is nie, maar eenvoudig omdat art 311(2) so bepaal.²⁹ Dit volg egter nie dat die sinsnede 'al die skuldeisers of die klas van skuldeisers' in die subartikel streng letterlik vertolk moet word nie. Eerstens is dit duidelik, meen ek, dat die sinsnede slegs betrekking kan hê op daardie skuldeisers aan wie die aanbod gerig was.³⁰ En so 'n aanbod hoef natuurlik nie alle skuldeisers van 'n maatskappy te betrek nie. So byvoorbeeld kan dit slegs vir bepaalde konkurrente skuldeisers bestem wees. Tweedens kon die Wetgewer nooit beoog het dat 'n goedkeuringsbevel bindend is op skuldeisers wat nie regtens by magte is om die aanbod te aanvaar nie. Dit is die geval omdat, hoewel die statutêre meganisme meebring dat indien die vereiste meerderheid instem ander skuldeisers na goedkeuring ook gebonde is, die aanbod juis bestem was om aanvaar te word.

Die appellant het egter aangevoer dat 'n goedkeuringsbevel ingevolge art 311(2) 'n statutêre skuldvernuwing teweeg bring. In dié verband het hy gesteun op 'n beslissing van hierdie Hof wat op 'n akkoord aangegaan is ingevolge art 119(7) van die Insolvensiewet betrekking gehad het.³¹ Om te sê dat 'n goedkeuringsbevel so 'n skuldvernuwing tot gevolg het, help egter geensins nie om te bepaal wie daardeur gebonde is, of welke skuldeisers se vorderings vernu word. Indien so 'n bevel dus nie die respondent ten opsigte van onaangeslane - of altans onbekende - belastingvorderings bind nie, baat dit ook nie om te argumenteer, soos die appellant wel gedoen het, dat na goedkeuring die respondent vanweë die aangevoerde novasie nie sy pligte sou versak indien hy nie later ongekende belasting sou op eis nie.

Die appellant het tereg nie betwis dat 'n belastinggaarder in die reël nie afstand van 'n belastingvordering kan doen nie.³² Wel is betoog dat die respondent ingevolge arts 2 en 3 van die Inkomstebelastingwet breë bestuursbevoegdhede betreffende die administrasie en uitvoering van die Wet het, en derhalwe bevoeg is om tot 'n reëling ingevolge art 311(2) van die Maatskappywet toe te stem. Ek kan egter nie in die artikels waarop die appellant steun 'n bevoegdheid om van 'n belastingvordering afstand te doen naspeur nie, op welke wyse so 'n afstanddoening ook al bereik staan te word. Inteendeel plaas arts 2(1), 77(1) en 91(1)(a) van die Inkomstebelastingwet 'n verpligting op die respondent om Inkomstebelasting aan te slaan en in te vorder.

Artikel 31(2) van die Skatkwet, waarna ek reeds verwys het, bevat dan ook die enigste tersaaklike statutêre bepaling waarvolgens afstand van 'n Inkomstebelastingvordering gedoen kan word. Soos reeds aangedui, moet die Tesourie (of sy gedelegeerde ingevolge art 32) dan egter oortuig wees dat, vir sover art 31(2) tans ter sake is, die betrokke bedrag geheel of gedeeltelik oninbaar is, of dat dit tot voordeel van die Staat sal strek om 'n

1994 (2) SA p291

VAN HEERDEN AR

'n deur 'n skikking geheel of gedeeltelik daarvan afstand te doen. Spesifiek wat 'n reëling ingevolge art 311 van die Maatskappywet betref, sal so 'n oortuiging kon bestaan ten opsigte van 'n bekende belastingvordering. So, byvoorbeeld, indien 'n spesifieke aanslag ter sprake is, kan geredelik vasgestel word of die respondent daarvolgens meer, of net soveel maar vroeër, sal ontvang as wat die geval sou wees indien die maatskappy finaal agtergelate sou word. In beide gevalle sou goedkeuring van die reëling die Staat bevoordeel. Indien dit egter onbekend is of die maatskappy 'n verdere belastingpligtheid het, sal heel selde besluit kan word of 'n afstanddoening

van 'n moontlik bestaande, maar onbekende, belastingvordering die Staat sal bevoordeel, of dat die onbekende bedrag waarop so 'n afstanddoening betrekking mag hê, oninbaar is. Dit baat dus nie om aan te voer, soos die appellant wel gedoen het, dat die respondent Ingevolge die bepalings van die Skatkiswet die aangewese persoon is om namens of as die Tesourie ten opsigte van Inkomstebelastingvorderings op te tree nie.

Bestaande kan bes aan die hand van 'n voorbeeld geïllustreer word. 'n Inkomstebelasting hoef natuurlik nie slegs eenmalig heef te word nie. Daar kan trouens 'n onbepaalde aantal aanslae vir enige belastingjaar wees. Anders as gewone skuldeisers sou die respondent dus vonnis vir addisionele belasting kon verkry selfs indien hy reeds vir die betrokke jaar ten opsigte van 'n oorspronklike aanslag vonnis verkry het - gestel dat dit nodig was. Die rede hiervoor is dat wanneer die respondent 'n belastingbetaler aanspreek, hy sy eis slegs op 'n aanslag hoef te berus. 'n Normaalweg kan aanspreeklikheid dan nie in 'n gewone geregshof betwis word nie. Intendeel is die belastingbetaler aangewese op die bepalings van die Inkomstebelastingwet betreffende besware en appêlle na 'n Spesiale Inkomstebelastinghof.

In die reël is die respondent natuurlik in eerste instansie aangewese op inligting wat 'n belastingpligtige in sy opgaaf openbaar. Informasie kan ook egter uit ander bronne verkry word. Veronderstel nou dat die appellant in sy opgaaf vir die 1982 belastingjaar nie inkomste van, sê, R3 miljoen verklaar het nie, en dat die respondent eers na verlening van die goedkeuringsbevel en implementering van die onderhawige skema daarvan bewus geword het. Behoudens besondere omstandighede is dit na my mening ondenkbaar dat die respondent - of wie ook al namens of as die Tesourie - by voorbaat van so 'n onbekende vordering afstand sou kon doen. Indien die appellant dit reg het, sou die respondent egter vanweë die bepalings en goedkeuring van die onderhawige skema in effek afstand gedoen het van sy reg om enige verdere belasting vir die 1982 jaar - of trouens enige belastingjaar - te hef. Die angel het naamlik gelê in bepalings waarvolgens 'n eis ingedien moes word laastens binne 'n omskrewe tydperk nadat goedkeuring van die skema tot kennis van 'n skuldeiser gekom het, by gebreke waaraan hy 'geag word afstand te doen van sy reg om deel te neem in kragtens die aanbod'.³³ Wat die inisieerder dus beoog het, is dat by goedkeuring van die onderhawige skema skuldeisers se vorderingsregte teen die maatskappy nie meer in hulle sou setel nie; dat daardie vorderingsregte vervang sou word deur soortgelyke eise teen die . Vergelyk *Ex parte Ensor NO: In re Cape Natal Litho (Pty) Ltd* 1978 (3) SA 908 (D).

1994 (2) SA p292

VAN HEERDEN AR

A ontvangers, en dat daardie eise sou verval indien hulle nie bewys sou word nie. Indien die appellant dit reg het, sou die onverkwiklike resultaat dus wees dat indien die respondent nie 'n belastingeis waarvan hy onbewus is, sou bewys nie, hy geen verhaal ten opsigte daarvan teen óf die maatskappy óf die ontvanger sou hê nie.

B Die appellant het egter ook aangevoer dat indien hierdie standpunt onjuis is, die respondent aan die goedkeuring van die onderhawige skema gebonde is totdat dit op appêl of andersins tersyde gestel word. Hierop voortbordurende is geargumenteer dat alle skuldeisers van die appellant aan die goedkeuringsbevel gebonde is omdat die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling sulks beveel het. *Ergo*, solank die bevel staan is alle skuldeisers daaraan gebonde.³⁴

Hierdie betoog faal om die eenvoudige rede dat die gebondenheid van skuldeisers aan 'n goedgekeurde reëling nie deur die goedkeuringsbevel as sulks meegebring word nie. Al wat die Hof doen, is om sy stempel op die reëling af te druk. Sodoende tree gebondenheid in van skuldeisers wat o daartoe ingestem het. Ander skuldeisers is egter gebonde juis, en slegs, omdat art 311(2) so bepaal. Anders gestel, hul gebondenheid word sulwer statutêr geregleer. En indien op 'n behoorlike vertolking van die woord 'skuldeisers' dit sekere skuldeisers nie insluit nie, is hulle net nie

gebonde nie. Hulle hoef dus nie die goedkeuring aan te veg nie. Wat hulle ϵ betref, bly die bevel staan maar tref dit hulle nie.³⁵

Die laaste vraag, onder die huidige hoof, is of die appellant se belastingpligtigheid ten opsigte van die 1982 belastingjaar 'n bekende of 'n onbekende een was. Wat vasstaan, is dat die appellant se inkomste vir daardie jaar bekend was en aangeslaan kon word. Die appellant was egter ϵ geregtig op 'n aftrekking mits die Staatsmyningenieur 'n waarde op die aangekoopte ontwikkelingsbates - indien enige - sou plaas. Anders gestel, was die appellant nie geregtig op 'n aftrekking nie tensy en totdat so 'n waardebepaling gemaak was. Gevolglik kon die respondent die waarde wat die appellant in sy opgawe op bedoelde bates geplaas het, geïgnoreer het en die appellant sonder inagneming van die betrokke aftrekking belas het. Dit ϵ kon die respondent ook gedoen het toe die onderhawige skema voorgestel is. Daarna kon die respondent 'n eis teen die ontvangers bewys het vir die belasting verskuldig vir die 1982 jaar sonder inagneming van die aftrekking. Die ontvangers sou dan uitbetaling van die respondent se eis agterweë kon gehou het totdat die Staatsmyningenieur die waarde van die ontwikkelingsbates bepaal het, wat sou meegebring het dat die respondent ϵ 'n verdere gewysigde aanslag sou uitreik en nie betaling vir sy volle bewese eis sou verkry het nie.

Dit volg dus dat daar nooit sprake van onbekende belastingpligtigheid was nie. Totdat die Staatsmyningenieur handelend opgetree het, was die appellant verplig om 'n bepaalde bedrag - sonder toelating van die ϵ tersaaklike aftrekking - as belasting te betaal. Dat daardie verskuldigheid

1994 (2) SA p293

VAN HEERDEN AR

ϵ In die toekoms kon verminder, doen nie af aan die feit dat op elke tersaaklike stadium die omvang van die appellant se belastingpligtigheid bekend was nie.

Ingevolge die onderhawige skema sou die respondent as preferente skuldeiser ten volle betaal word. Indien hy 'n eis sou bewys het, sou hy nie minder nie, en stellig meer, ontvang het as wat hy in 'n ϵ likwidasieproses sou ontvang het. Gevolglik kan die derde verweer, gedeeltelik saam met die tweede verweer beskou, ook nie slaag nie.

Die vierde verweer

Die onderhawige skema het gegeld vir else 'die skuldoorsaak' waarvan voor ϵ die datum van registrasie van die goedgekeurde skema ontstaan het. Die vierde verweer berus op die premisse dat die respondent se onderhawige skuldoorsaak vroegstens eers by die Staatsmyningenieur se bepaling van die waarde van die meermaal genoemde ontwikkelingsbates ontstaan het - dws lank na registrasie van die onderhawige skema - en dus nie deur die skema ϵ betrek is nie.

Hierdie verweer het weinig om die lyf. Soos reeds hierbo aangetoon, het die respondent te alle saaklike tye 'n eis gehad vir meer as die belasting wat in die aanvullende aanslag gehef is. Bowendien baat dit nie om te let op die betekenis wat die woord 'skuldoorsaak' in 'n bepaalde verband het nie. In die onderhawige skema is 'eis' naamlik so wyd omskryf dat dit ook ϵ onopelsbare en voorwaardelike vorderings, en spesifiek 'n eis vir onaangeslane belasting, ingesluit het.

Ek tabuleer nou my vernaamste bevindinge soos volg:

- (1) 'n Standaardskema waarvolgens 'n maatskappy uit (voorlopige) likwidasie onthef staan te word, en 'n sessie of veronderstelde ϵ sessie van hul vorderings deur skuldeisers van die maatskappy aan die Inlsleerder van die skema (of sy genomineerde) gegee staan te word, kan wel ingevolge art 311 (2) van die Maatskappywet goedgekeur word.
- (2) Indien so 'n skema ook op bekende belastingpligtigheid van toepassing is, kan die belastinggaarder vanweë goedkeuring deur die Hof daaraan ϵ gebonde wees indien hy nie minder staan te ontvang as wat hy in 'n likwidasieproses sou ontvang het nie.

- (3) 'n Voorwaardelike skuldeiser val moontlik in 'n klas van sy eie vir die doeleindes van die hou van vergaderings ingevolge art 311.
- (4) Selfs ten opsigte van onbekende belastingpligtigheid is die H respondent in die reël nie 'n voorwaardelike skuldeiser nie.
- (5) Goedkeuring van 'n skema bind egter nie die respondent ten opsigte van sodanige belastingpligtigheid nie.
- (6) Die respondent kan op (5) steun sonder om eers die goedkeuring tersyde te laat stel.

Ten slotte is dit ons onaangename plig om die aandag te vestig op 'n faset 1 van die verrigtinge in die Verhoorhof. Na beredenering is die verhoor afgesluit in September 1988. Uitspraak is egter eers op 6 Januarie 1992 gegee; dws 'n tydperk van naasteby 40 maande later. Ons weet nie of daar 'n rede vir die ultsonderlike versuim was nie, en kan dus nie sensuur uitspreek nie. Dit is egter nouliks nodig om te sê dat die regsadministrasie, en bepaaldelik die Regbank, ligtelik deur 'n sodanige 3 verdragings oneer aangedoen kan word.

1994 (2) SA p294

GOLDSTONE AR

A Die appèl slaag met koste, insluitende dié van twee advokate, en die bevel van die Verhoorhof word deur die volgende vervang:

- (1) Dit word verklaar dat die verweerder se aanvullende aanslag vir die eiser se 1982 belastingjaar oneffektief is.
- (2) Die verweerder word gelas om die eiser se gedingskoste, insluitende die koste van twee advokate, te betaal. a

Van den Heever AR het met die uitspraak van Van Heerden AR saamgestem.

Judgment

Goldstone AR: Ek het die voorreg gehad om my Kollega Van Heerden se c uitspraak te lees. Ek stem saam dat die appèl behoort te slaag en met die voorgestelde bevel wat aan die einde van sy uitspraak verskyn.

Ek is die mening toegedaan dat dit onnodig is om in hierdie appèl te beslis of die sogenaamde standaardsekema 'n skikking of reëling tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers daarstel.

b In die onderhawige saak was daar wel 'n beding in die skema wat die appellant as 'n nodige en aktiewe party betrek het. Ek verwys na klousule 2.1.5 van die skema wat voorsiening maak vir die tersydestelling van die ooreenkoms aangegaan op 19 November 1984 deur die voorlopige likwidateurs van die appellant met Buffelsbank Diamante Bpk waarkragtens sekere bates e van die appellant en sy filiaal-maatskappye aan Buffelsbank verkoop is. Daardie beding het stellig die toestemming van die appellant vereis.

In die sakewêreld het art 311 skemas veel nut en waarde en met die oog daarop behoort ons Howe nie 'n enge vertolking aan die bepalinge van die artikel te gee nie. Maar indien die betrokke maatskappy slegs 'n passiewe f rol speel is die skema nie 'n skikking of reëling voorgestel tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers nie. Dit is nie nodig dat die maatskappy se aktiewe rol aansienlik moet wees nie: sien *Re Savoy Hotel Ltd* [1981] 3 All ER 646 (Ch). In die onderhawige saak is ek tevrede dat die appellant se toestemming tot die tersydestelling van die Buffelsbank-ooreenkoms voldoende was om die gevolgtrekking te regverdig dat hy 'n party tot die g skema was.

Om daardie rede stem ek saam dat die eerste verweer van die respondent van die hand gewys moet word. Behoudens die voorgaande stem ek met eerbied saam met die uitspraak van Van Heerden AR.

h Smalberger AR en Nicholas Wn AR het met die uitspraak van Goldstone AR saamgestem.

DB

Appellant se Prokureurs: *Jan S de Villiers & Seun*, Kaapstad; *Naudes*, Bloemfontein.
Respondent se Prokureurs: *Staatsprokureurs*, Kaapstad en Bloemfontein. 1

- 1 1987 (3) SA 413 (W)
- 2 *Ex parte Millman and Others NNO: In re Multi-Bou (Pty) Ltd and Others* 1987 (4) SA 405 (K) ('Multi-Bou').
- 3 *Ex parte Strydom NO: In re Central Plumbing Works (Natal) (Pty) Ltd; Ex parte Spendiff NO: In re Candida Footwear Manufacturers (Pty) Ltd; Ex parte Spendiff NO: In re Jerseytex (Pty) Ltd* 1988 (1) SA 616 (D) ('Strydom'). 1
- 4 Op 409C.
- 5 Op 411F.
- 6 Vgl *Union Free State Mining and Finance Corporation Ltd v Union Free State Gold and Diamond Corporation Ltd* 1960 (4) SA 547 (W) op 549.
- 7 Op 426B-C.
- 8 Op 411E. 1
- 9 Op 420C-E.
- 10 Op 622A.
- 11 *Serein Investments (Pty) Ltd v Myb (Pty) Ltd* 1967 (4) SA 437 (K) op 439B.
- 12 Op 411D.
- 13 *Ex parte Dayananden: In re Windsor Supply Stores (Pty) Ltd (in Liq)* 1953 (1) SA 28 (N) op 29F.
- 14 Met 'n beroep op *Merclan Investments (Pty) Ltd v Johannesburg City Council* 1990 (1) SA 560 (W) op 573, en *Pennington Company Law* 5de uitg op 585 (sien op 771D-G van die Verhoorhof se gerapporteerde uitspraak).
- 15 Met 'n beroep op onder andere *Commissioner for Inland Revenue v Delfos* 1933 AD 242 op 248; *Collector of Customs v Cape Central Railways Ltd* (1889) 6 SC 402 op 408; en *Commissioner for Inland Revenue v The Master and Another* 1957 (3) SA 693 (K) (sien op 772 van die Verhoorhof se uitspraak). 1
- 16 Sien op 773 van die Verhoorhof se uitspraak.
- 17 Sien op 774 van die Verhoorhof se uitspraak.
- 18 1934 AD 414 op 452.
- 19 Op 452. 1
- 20 Sien ook *Collector of Customs v Cape Central Railways Ltd (supra op 408)* en *Burghersdorp Municipality v Coney* 1936 CPD 305 op 308.
- 21 1990 (1) SA 560 (W).
- 22 Op 573B. 1
- 23 Op 568G.
- 24 *South African Board of Executors and Trust Co Ltd (in Liquidation) v Gluckman* 1967 (1) SA 534 (A).
- 25 *Densam (Pty) Ltd v Cywilnat (Pty) Ltd* 1991 (1) SA 100 (A) op 112-3.
- 26 Ek volstaan deur te verwys na *CCH Australian Company Law and Practice* band 2 op 43-500 en gewysdes aldaar gesiteer. Wat ons reg betref, sien *Ex parte Goldreich: In re Goldieff Stores (Pty) Ltd and Lane-Bryant (Pty) Ltd* 1956 (2) PH E19 (D).
- 27 Vgl *Re International Harvester Credit Corporation (Aust) Ltd* 7 ACLR (1982-1983) 415.
- 28 *Reed and Another v Warren* 1955 (2) SA 370 (N); *Secretary for Finance v Esselmann* 1988 (1) SA 594 (SWA); en vgl *Commissioner for Inland Revenue v Janke* 1930 AD 474.
- 29 *Morris NO v Aromatic (Pty) Ltd t/a Barlows Airconditioning Co* 1990 (4) SA 376 (A) op 396-7.
- 30 *Kleena Industries (Pty) Ltd v Senator Insurance Co Ltd* 1982 (2) SA 458 (W) op 463G.
- 31 *Ilic v Parginos* 1985 (1) SA 795 (A).

³² Sien by *Commissioner for Inland Revenue v Delfos* 1933 AD 242 en *City of Cape Town v Claremont Union College* 1934 AD 414.

³³ Vergelyk *Ex parte Ensor NO: In re Cape Natal Litho (Pty) Ltd* 1978 (3) SA 908 (D).

³⁴ Met 'n beroep op *Chief Commissioner of Pay-roll Tax v Group Four Industries Pty Ltd* 8 ACLR (1983-84) 973 en *Elric Pty Ltd v Taylor and Another* (1986) 4 ACLC 327, wat egter nie gesag vir sulke wye proposisies bied nie.

³⁵ Vergelyk *Barclays National Bank Ltd v H J de Vos Boerdery en Ondernemings (Edms) Bpk* 1980 (4) SA 475 (A) op 483-4.

© 2014 Juta and Company (Pty) Ltd.